

MONETARY AND BANKING REVIEW

During the first quarter of 1957, the Union's monetary volume of economic activity continued to increase at approximately the rate which prevailed during 1956. As will be seen from the table below, this further upward movement was reflected in increases, after correction for seasonal movements, in bank debits, discounts and advances of the commercial banks, imports and exports, railway earnings and retail sales. On the other hand, building plans passed continued to show a declining tendency.

Indexes — Excluding Seasonal Movements (1948=100)

	1956			1957
	1st Qtr.	3rd Qtr.	4th Qtr.	1st Qtr.
Bank Debits	202	204	209	213
Stock Exchange Turnover	72	42	51	66
Discounts and Advances of Commercial Banks	209	195	198	210
Value of Imports	151	134	138	154
Value of Exports (excluding Gold)	258	344	304	317
Railway Earnings	200	197	198	203
Value of Retail Sales*	131	128	131	133
Value of Property Transactions	82	81	88	82
Value of Building Plans Passed†	131	123	135	112

BALANCE OF PAYMENTS

Largely as a result of a substantial reduction in the net current deficit with the outside world, the Union's total gold and foreign exchange reserves showed a much smaller decline during the first quarter of 1957 than during the corresponding period in 1956. The gold and foreign exchange reserves of the South African Reserve Bank increased from £131.0 million to £135.3 million during the first quarter of 1957, but, on the other hand, the foreign exchange holdings of the commercial banks and the Union Government decreased by about £9 million, giving a net decline of about £5 million for this quarter, compared with a decrease of about £11 million during the first quarter of 1956.

Imports increased from £129 million in the first quarter of 1956 to £135 million in the first quarter of 1957, and exports, excluding gold and ships' stores, from £91 million to £110 million, with the result that the Union's trade deficit dropped from £38 million to £25 million, or by £13 million. Furthermore, the net gold output increased by about £3 million, while net current invisible payments is estimated to have declined by about £2 million (largely due to increased receipts for ships' stores),

so that the net current deficit with the outside world showed a drop of about £18 million, namely, from about £21 million to about £3 million.

Comparing this estimated net current deficit of about £3 million in the first quarter of 1957 with the decline of about £5 million in the total gold and foreign exchange reserves, it would appear that the Union experienced a total net outflow of capital, including trade credits, of about £2 million during this period. In this connection it is known that the Union paid its subscription of £0.4 million to the International Finance Corporation, and repaid a Swiss loan of £2.5 million, as well as £3.6 million of the revolving dollar credits received from a group of American banks, while it drew £2.6 million under the I.B.R.D. loans as against repayments of £0.6 million. Official capital movements, therefore, accounted for a net outflow of about £5 million, so that it would appear that there was a net inflow of private capital from all sources of about £3 million. This net inflow occurred in spite of a net sale of about £2 million of securities by foreigners through Union stock and share brokers, and it appears, therefore, that the net inflow of other private capital funds amounted to about £5 million during this period, of which £1 million represented net drawings under the uranium loans.

Following the increase to £135.3 million during the first quarter of 1957, the Reserve Bank's gold and foreign exchange reserves declined to £127.6 million by the end of May. This decline is in keeping with the usual seasonal movement during these months when imports tend to rise and exports tend to decline.

MONEY IN CIRCULATION

The quantity of money in circulation in the Union, which had declined by £17 million during the first four months of 1956, and then increased by £30 million to £462 million during the rest of the year, again declined by about £15 million during the first four months of 1957, namely, to £447 million at the end of April. During the last-mentioned period, the amount held by the Government actually increased by about £9 million, but this increase was more than offset by a decline of about £24 million in the amount held by the private sector.

The net decline in the total money supply during the first four months of 1957, was largely due to a further shift of about £9 million from demand to time deposits with the commercial banks, although a decrease in the Union's gold and foreign exchange reserves and a decline in bank credit were contributory factors. Reserve Bank credit increased by

* Five Urban Areas (revised figures).

† Eighteen Urban Areas.

about £4 million, while commercial bank credit declined by about £6 million. The latter decline was, however, largely the result of a drop of £21 million in the banks' balances with the National Finance Corporation, their discounts and advances and their investments having increased by £10 million and £5 million, respectively.

These tendencies in the commercial banks' assets represent a reversal of the position which prevailed during the greater part of 1956, when there was a strong tendency towards increased liquidity. Whereas the banks' total liquid assets increased from £184 million at the end of March, 1956 to £260 million at the end of that year, they declined to £242 million by the end of April, 1957. On the other hand, their discounts and advances, which had declined from £285 million at the end of March, 1956 to £265 million at the end of October of that year, rose to £289 million by the end of April, 1957. In this connection it will be recalled that during 1955 the commercial banks were requested by the

Reserve Bank to restrict credit for consumption and fixed capital purposes. This request was withdrawn late in 1956, although it was intimated that some measure of restriction of credit for consumption should still be maintained.

COMMODITY PRICES

While retail prices continued to increase during the first four months of 1957, wholesale prices showed a declining tendency. The index of retail prices (base: 1948=100) rose, namely, from 140.3 in December, 1956 to 141.3 in April, 1957, while that of wholesale prices (all goods) declined from the new high figure of 159.6 to 157.8, respectively. This decline in the wholesale price index was accounted for by a decline in the index for Union goods, the index for imported goods having shown a small increase.

T. W. de Jongh,
Head: Department of Economic Research and Statistics.

DIE UNIE SE NASIONALE REKENINGE IN 1956

Tabelle XXXVII en XXXVIII in hierdie *Kwartaalblad* gee voorlopige skattings van kapitaalvorming en die nasionale rekeninge van die Unie vir die jaar 1956, en hersiene syfers vir vroeëre jare.¹

Die Gemeenskap se Ekonomiese Begroting

Nasionale rekeningestatistiek verskaf inligting aangaande die inkomte en uitgawe-transaksies van die vier hoofsektore wat aan die markhuishouding deel-

neem, nl., verbruikers, sake-ondernemings, openbare owerhede, en, ten slotte, die internasionale sektor. Die onderlinge verwantskap tussen hierdie transaksies gedurende 1956 kan opgesom word in die sogenaamde „Ekonomiese begroting van die gemeenskap” wat in tabel 1 aangetoon word.

Die tabel toon dat die „Ekonomiese begroting” saamgestel is uit vier begrotings, t.w. (1) die begroting van inkomte en uitgawe van verbruikers (die „per-

TABEL 1.
Die Unie se Ekonomiese Begroting 1956
(£ miljoene)

Ekonomiese sektor	Inkome (1)	Uitgawe (2)	Oorskot van inkome (+) of tekort (-) (3)
A. PERSOONLIKE SEKTOR:			
1. Beskikbare persoonlike inkomte	1,461		
2. Uitgawe op goedere en dienste		1,300	
3. Persoonlike besparing (+)			+ 161
B. BESIGHEIDSEKTOR:*			
1. Maatskappybesparing en waardeverminderingstoelaes	224		
2. Bruto kapitaalvorming		336	
3. Oorskot van kapitaaluitgawe (-)			- 112
C. OPENBARE SEKTOR:			
<i>(i) Lopende transaksies:</i>			
1. Belasting- en ander ontvangste	347		
<i>Minus: Oordragbetalings en subsidies</i>	67		
Netto inkomte	280		
2. Totale lopende uitgawe van owerhede		294	
<i>Minus: Oordragbetalings en subsidies</i>		67	
Aankoop van goedere en dienste		227	
3. Lopende surplus (+)			+ 53
<i>(ii) Kapitaaluitgawe:</i>			
1. Waardeverminderingstoelaes	26		
2. Kapitaaluitgawe		143	
3. Oorskot van kapitaaluitgawe (-)			- 117
D. INTERNASIONALE SEKTOR:			
1. Balans in lopende rekening		- 15	
2. Oorskot van inkomte (+)			+ 15
TOTAAL: Bruto Volksproduk (= Bruto Volksuitgawe)	1,991	1,991	0

* Met insluiting van Openbare Korporasies.

1. 'n Bespreking van die hersiene syfers vir die periode 1946-56 sal in 'n volgende uitgawe van hierdie *Kwartaalblad* verskyn.

soonlike sektor"); (2) die begroting van inkome en uitgawe van sake-ondernemings; (3) die begroting van inkome en uitgawe van die internasionale sektor, d.w.s. die Unie-regering, Provinsiale Administrasies en Plaaslike Owerhede, en ten slotte (4) die begroting van inkome en uitgawe van die internasionale sektor. Die totale inkome en uitgawe van die gemeenskap as 'n geheel is gelyk aan die Bruto Volksproduk² en Bruto Volksuitgawe, onderskeidelik.

Kolom 1 van die tabel toon die inkomes wat aan die onderskeie sektore toekom terwyl die tweede aandui hoe die bruto volksproduk aangewend is. Die laaste kolom toon aan in watter mate elke sektor in staat was om sy lopende of kapitaaluitgawe uit sy beskikbare inkome te finansier, terwyl dit vir die ekonomiese stelsel as 'n geheel die netto toevoegings tot en die trekkings op besparing aandui.

Die persoonlike sektor se rekening³ onderskei tussen ontvangste in die vorm van beskikbare inkome, d.w.s. persoonlike inkome minus persoonlike belastinge, en uitgawes aan verbruiksgoedere en dienste. Die saldo in die verbruikers se begroting verteenwoordig persoonlike besparing, wat óf direk gebruik word om in die behoeftes van nie-geïnkorporeerde ondernemings ten opsigte van kapitaalgoedere te voorsien, óf tot die beskikking gestel word van ander leners in die kapitaalmark, nl. geïnkorporeerde ondernemings en die verskillende openbare owerhede.

In die geval van die „Besigheidsektor” verwys „inkome” na (1) maatskappybesparing in die vorm van onverdeelde winste, en (2) waardeverminderingstoelaes van alle sake-ondernemings, d.w.s. geïnkorporeerd sowel as nie-geïnkorporeerd. Tesame verteenwoordig dit die *bruto* besparing van sake-ondernemings in die vorm van fondse wat uit die jaar se lopende inkome teruggehou of op reserwe geplaas is vir die doeleindes van kapitaaluitbreiding of -vervanging. „Uitgawe”, op sy beurt, verwys na die aankoop deur sake-ondernemings van kapitaalgoedere.

In die owerheidsrekening word 'n onderskeid tussen dié sektor se lopende en kapitaaltransaksies gemaak. Die lopende inkome van die owerhede verteenwoordig alle soorte belasting plus inkome

uit eiendom, terwyl die lopende uitgawe (1) die aankoop van lopende goedere en dienste en (2) oordragbetalings⁴ en subsidies, omvat. Die tweede pos moet egter van die totale owerheidsinkome en -uitgawe afgetrek word voordat laasgenoemde by die bruto volksproduk en -uitgawe, onderskeidelik, ingereken kan word. Soos hierbo gemeld, het hierdie begrippe op die *produksie* van goedere en dienste betrekking terwyl oordragbetalings en subsidies betalings verteenwoordig wat op algemene gronde van sosio-ekonomiese beleid en nie vir die produksie van goedere en dienste nie, gemaak word.

Wat die owerhede se kapitaalrekening betref, het kapitaalbesteding betrekking op (1) „algemene” owerheidsuitgawe op poste soos die konstruksie van paaie, strate, openbare geboue, ens., en (2) die uitgawe op kapitaalbates van sake-ondernemings van owerhede, bv. die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens en Lugdiens, die Departement van Pos-, Telegraaf- en Telefoonwese, en die handelsdepartemente van munisipaliteite.

Die internasionale rekening weerspieël die netto veranderings in die Unie se finansiële posisie in verhouding tot die res van die wêreld. Aangesien die Unie meer goedere en dienste van buitelanders ontvang as wat dit aan hulle lewer, verteenwoordig die verskil 'n tekort in ons transaksies met die res van die wêreld. Hierdie tekort word goedgemaak deur 'n „oorskot van inkome” in die derde kolom.

Dit sal opgemerk word dat die totale van kolomme (1) en (2) £1,991 miljoen beloop, wat die geskatte bruto volksproduk of -uitgawe vir die jaar 1956 is. Aangesien, ten opsigte van enige vorige periode, totale besparing gelyk aan totale kapitaalvorming is, moet die totaal van kolom (3) noodwendig nul wees.

Onlangse veranderings in die aanwending van die Bruto Volksproduk

Die nasionale rekeningsyfers vir die afgelope paar jare toon dat daar 'n neiging tot verslapping ingetree het t.a.v. een van die belangrikste onderafdelings van bruto volksuitgawe, t.w. bruto binnelandse kapitaalvorming. In werklikheid dui 'n vergelyking van die voorlopige syfers vir 1956, en die hersiene syfers vir vroeëre jare, daarop dat vir

2. Hierdie begrip is die mees omvattende maatstaf van die waarde van produksie of inkome wat die gevolg is van die ekonomiese aktiwiteit gedurende enige spesifieke jaar. Dit word gedefinieer as die markwaarde van al die finale goedere en dienste wat deur die volk gedurende 'n gegewe periode voortgebring word, en kan afgelei word deur by die netto volksinkome by te tel (a) waardeverminderingstoelaes, d.w.s. toevoegings tot reserwes vir die vervanging van verslete of verouderde kapitaal, en (b) indirekte belasting minus subsidies. Die rede waarom die woord „finale” in die uitdrukking „finale goedere en dienste” gebruik word, is omdat nie alle goedere wat in 'n gegewe periode geproduseer word in die bruto volksproduk ingesluit word nie. *Intermediêre* goedere, d.w.s. grondstowwe en half-klaar-goedere wat nie vir die bevrediging van lopende of kapitaalbehoefte aangekoop word nie, word uitgesluit omdat hulle gebruik word in die produksie van *finale* goedere.

Die begrippe „bruto volksproduk” en „bruto volksuitgawe” verwys na alternatiewe maniere waarvolgens die markwaarde van die opbrengs van goedere en dienste bepaal kan word. Eersgenoemde laat die klem op die produksiekant val, terwyl sy teenhanger aan die uitgewekant aandui hoe die produksie van die hand gesit word.

3. Die sektor „Persone” sluit nie alleen persone in in hulle kapasiteit as finale verbruikers nie, maar ook alle *nie-geïnkorporeerde* sake-ondernemings, d.w.s. ondernemings wat besit word deur individuele sakemanne, families en vennootskappe, met insluiting van boere en professionele persone wat vir eie rekening werk en in wie se geval geen onderskeid tussen die „salaris”- en „wins”-elemente van hul inkome moontlik is nie.

4. Die belangrikste pos onder hierdie hoof is pensioenbetalings aan oues van dae, ouds:ryders, blindes en kreupeles.

die eerste keer sedert 1952,⁵ totale binnelandse kapitaalvorming, d.w.s vaste kapitaalvorming en die netto verandering in voorrade wat deur sake-ondernemings gehou word, verlede jaar 'n afwaartse neiging getoon het. Inagnemende sulke faktore soos die buitengewone hoë peil van kapitaalvorming wat gedurende die na-oorlogse periode bereik is, die gevoeligheid van beleggingsbesluite t.a.v. veranderinge in die ekonomiese klimaat en die heersende tekort aan risikokapitaal as gevolg van die afname in die kapitaalinvloei van oorsee, skyn dit egter asof die beëindiging van die vroeëre hoogkonjunktuurtoestand in die Unie se kapitaalmark 'n verdere voorbeeld is van die stadiger koers van die uitbreiding van die Unie se ekonomie gedurende 1956.⁶

Desnieteenstaande was die peil van verlede jaar se kapitaalbesteding nog betreklik hoog, soos gesien kan word deur sy aandeel in die bruto volksuitgawe, t.w. 24.1 persent, te vergelyk met die ooreenstemmende verhouding van 22.8 persent vir die vooroorlogse periode, 1934-38, en 28.7 en 30.1 persent, onderskeidelik, vir die jare 1947-48 en 1951 waarin bruto kapitaalvorming sy na-oorlogse hoogtepunt bereik het.

As die implikasies van die onlangse laer koers van kapitaalbesteding gesien word teen die breëre agtergrond van die Unie se nasionale rekeninge, is dit belangrik om te let op die uitbreiding in die Unie se uitvoerproduksie gedurende die afgelope jare. Uitvoerproduksie en kapitaalvorming het dieselfde stimulerende uitwerking op die inkom- en verbruikstandaarde van die gemeenskap, en die onderstaande gegewens toon dat die uitbreiding in uitvoere vergoed het vir die nadelige uitwerking wat die afname in beleggingsaktiwiteite op die peil van die volksinkome mag gehad het. In hierdie verband kan melding gemaak word van die belang-

rike rol van uitvoerproduksie as 'n bepalende faktor t.o.v. die peil van die Unie se volksinkome gedurende die vooroorlogse periode. Die vooroorlogse verhouding van uitvoere⁷ tot bruto volksproduk was byvoorbeeld gemiddeld 30.5 persent vergeleke met die laere syfer van 22.8 persent in die geval van bruto binnelandse kapitaalvorming.

Dit is welbekend dat gedurende die periode onmiddellik na Wêreldoorlog II, die grootste gedeelte van die Unie se bruto volksproduk aangewend is vir die bevrediging van die buitengewone hoë opgehoopde binnelandse vraag na verbruiks- en kapitaal-goedere. Verder het die bestaande toestand van volle indiensneming die uitbreiding van die binnelandse aanbod van goedere vir alternatiewe gebruike, oor die korttermyn beskou, beperk, en sodoende is die gedeelte van die land se produksie wat vir uitvoer beskikbaar was, verminder tot benede die normale peil. Sedert 1949 het invoerbeheer en 'n verskeidenheid fiskale en monetêre maatreëls egter geneig om 'n verandering in die aanwending van die bruto volksproduk te weeg te bring. Melding kan ook gemaak word van die stimulerende uitwerking wat die volgende faktore op die Unie se uitvoerhandel gehad het, nl. (1) die toename in die produksievermoë wat hoofsaaklik die gevolg was van die groot na-oorlogse kapitaalbelegging in die twee tradisionele uitvoernywerhede, t.w. mynweese en landbou; (2) die koms van uraan; (3) die toename in uitvoere van fabrikate na die Federasie e.a. Afrika-gebiede, en (4) die verbetering in vervoer-toestande.

Die gegewens uiteengesit in tabel 2 weerspieël die bogenoemde verskuiwing in die verhouding tussen die alternatiewe gebruike van die bruto volksproduk sedert 1952.

TABEL 2.

Bruto Volksproduk en sy Aanwending, 1952-1956

Jaar	BRUTO VOLKSPRODUK		BRUTO VOLKSUITGAWE					
	Bruto volksproduksie	Netto verandering Kol. (1)	Persoonlike en overheidsverbruik	Netto verandering Kol. (3)	Bruto binnelandse kapitaalvorming	Netto verandering Kol. (5)	Balans in lopende rekening	Netto verandering Kol. (7)
	(1)	(2)	(3)	(4)	(5)	(6)	(7)	(8)
	£ m	£ m	£ m	£ m	£ m	£ m	£ m	£ m
1952	1,410	+ 129	1,153	+ 143	331	- 55*	- 74	+ 41
1953	1,623	+ 213	1,263	+ 110	430	+ 99	- 70	+ 4
1954	1,765	+ 142	1,325	+ 62	485	+ 55	- 45	+ 25
1955	1,867	+ 102	1,414	+ 89	504	+ 19	- 51	- 6
1956	1,991	+ 124	1,527	+ 113	479	- 25	- 15	+ 36

* Vgl. voetnota 5.

5. Die afname in die totale binnelandse kapitaalvorming gedurende 1952 moet uitsluitlik toegeskryf word aan 'n netto afname in die belegging in voorrade, na die uitsonderlike groot toevoeging tot voorrade gedurende die vorige jaar toe invoerbeheer verslap is.

6. Vgl. dr. T. W. de Jongh se „Oorsig van ekonomiese toestande in die Unie in 1956” in hierdie *Kwartalblad*, Maart 1957.

7. Met insluiting van die waarde van die Unie se netto goudproduksie.

Gegewens vir die periode 1952-56 t.o.v. die uitbreiding van die Unie se sigbare uitvoerhandel,⁸ wat hoofsaaklik verantwoordelik was vir die afwaartse neiging getoon deur die pos „Balans in lopende rekening” in tabel 2, word saam met die betrokke invoersyfers in tabel 3 getoon.

TABEL 3.

Die Unie se Uitvoere en Invoere, 1952-56

Jaar	Uitvoere	Jaar-tot-jaar verandering	Invoere	Jaar-tot-jaar verandering
	£ m	£ m	£ m	£ m
1952	429		415	
1953	441	+12	423	+ 8
1954	487	+46	437	+14
1955	542	+55	485	+48
1956	599	+57	494	+ 9

Die rol wat bruto kapitaalvorming en uitvoere onderskeidelik in die Unie se ekonomie sedert 1952 gespeel het, kan ook geïllustreer word deur die syfers wat in tabel 4 aangetoon word.

TABEL 4.

Die Aandeel van Bruto Binnelandse Kapitaalvorming en Uitvoere in die Unie se Bruto Volksproduk, 1952-56

Jaar	Aandeel van bruto binnelandse kapitaalvorming	Aandeel van uitvoere
	%	%
1952	23,5	30,4
1953	26,5	27,2
1954	27,5	27,6
1955	27,0	29,0
1956	24,1	30,1

Bruto binnelandse kapitaalvorming volgens tipe van uitgawe, 1946-56

Aangesien 'n steeds toenemende gedeelte van die toevoegings tot die Unie se produksiekapasiteit gedurende die na-oorlogse beleggings-„boom” nou begin om 'n bydrae te maak tot die lopende aanbod van goedere wat beskikbaar is vir binnelandse en buitelandse gebruik, mag dit nuttig wees om, vir verwysingsdoeleindes, die totale uitgawe sedert 1946 op nuwe en verbeterde produksiemiddels onder die hoofde soos in tabel 5 hieronder, aan te toon.

Uit die tabel sal opgemerk word dat die totale belegging in die vernaamste uitvoergeriewe, nl. boerdery en mynbou, £937 miljoen bedra het, wat gelyk is aan 37 persent van die totale private kapitaaluitgawe. Die tabel toon ook dat van die verskillende kategorieë van kapitaaluitgawe wat onderskei word, die Suid-Afrikaanse Spoorweë,

Hawens en Lugdiens en Fabriekswese die grootste kapitaalbedrag in die openbare en private sektore, onderskeidelik, geabsorbeer het.

TABEL 5.

Bruto Binnelandse Kapitaalvorming volgens Tipe van Uitgawe, 1946-56
(£ miljoene)

A. OPENBARE SEKTOR :

1. Vervoer :		
Spoorweë, hawens en lugdiens	386	
Paaië en brue	80	
Munisipale vervoer	10	476
2. Elektriese krag :		
Eskom	144	
Munisipale ondernemings	91	235
3. Yster en staal, olie-uit-steenkool en ander projekte van openbare korporasies en sake-ondernemings van owerhede		125
4. Munisipale dienste (strate, dreinerings, riolerings, ens.)		110
5. Verbindings (telefoon- en telegraaf-dienste)		80
6. Besproeiing en munisipale waterwerke		81
7. Provinsiale skole en hospitale		63
8. Openbare behuisingskemas		51
9. Alle ander openbare kapitaalvorming		63
TOTAAL: OPENBARE SEKTOR		1,284

B. PRIVATE SEKTOR :

1. Boerdery	469
2. Mynwese	468
3. Fabriekswese	629
4. Private woongeboue	471
5. Alle ander privaat	455
6. Oordragkoste	69
TOTAAL: PRIVATE SEKTOR	2,561
GROOTTOTAAL	3,845

'n Ander belangrike aspek van die Unie se totale na-oorlogse kapitaalbesteding is dat die proporsionele aandeel van die openbare sektor in die groototaal ongeveer een-derde beloop. Hierdie verhouding was ook van krag in die voor-oorlogse tydperk (1910-39).

Bruto Kapitaalvorming in 1956

Die kapitaaluitgawes van die drie hoof-tipes van organisasies wat in tabel XXXVII onderskei word, toon uiteenlopende neigings gedurende 1956. In die geval van Openbare Owerhede is 'n aansienlike toename merkbaar, hoofsaaklik as gevolg van 'n styging van £10 miljoen in die kapitaaluitgawe van

8. Die syfers wat in tabel 3 gegee word, het betrekking op die uitvoere van handelsware en die waarde van die Unie se netto goudproduksie. Ongelukkig het die in- en uitvoersyfers op die Unie insluitende Suidwes-Afrika en die Protektorate betrekking, terwyl die bruto volksproduk en -uitgawe na die Unie alleen verwys. Vir tegniese redes, rakende die metode waarop die betrokke gegewens bereken word, is aparte buitelandse handelsyfers vir die Unie alleen nie beskikbaar nie.

Desnieteenstaande gee bostaande syfers 'n algemene aanduiding van die neiging in die Unie se buitelandse handel.

Die pos „Balans in lopende rekening” in tabel 2 is aangesuiwer om die netto verandering in die Unie se betalingsbalans aan te toon, terwyl die pos in die betalingsbalans-tabel (tabel XXXIX) in hierdie *Kwartaalblad* na die Unie, insluitende Suidwes-Afrika en die Protektorate verwys.

die Suid-Afrikaanse Spoorweë, Hawens en Lugdiens. „Openbare Korporasies”, d.w.s. Eskom, Yskor, Sasol en ander semi-staatsondernemings, het hulle uitgawe op die 1955-peil gehandhaaf, maar die syfers vir die derde sektor, naamlik Private Ondernemings, toon 'n merkbaar afname, wat op £43 miljoen geskat word.

Beleggingsbedrywigheid in die private sektor is natuurlik baie meer onderhewig aan sikliese veranderinge as dié van openbare liggame. Dit geld veral in die geval van veranderinge in voorrade wat, volgens die huidige skattings, vir ongeveer die helfte van die afname in private kapitaalvorming verantwoordelik is. Verder was die uitgawe op vaste kapitaalbates in die geval van die landbou, mynbou, fabriekswese⁹ en woongeboue op 'n laer peil.

Die bewegings oor die afgelope drie jaar in die kapitaaluitgawe van die bogenoemde tipes van organisasies, asook in die drie hooftipes van bates wat onder bruto kapitaalvorming ingesluit word, word in tabel 6 aangetoon.

TABEL 6.

Bruto Kapitaalvorming volgens Tipe van Organisasie en volgens Tipe van Bate, 1954-56

A. TIPE VAN ORGANISASIE:			
	1954	1955	1956
	£ m	£ m	£ m
1. Openbare owerhede	120	125	143
2. Openbare korporasies	39	31	31
3. Private ondernemings	326	348	305
Totaal	485	504	479
B. TIPE VAN BATE:			
1. Geboue en konstruksie*	245	255	261†
2. Masjinerie, installasie en toerusting	214	197	189
3. Totale vaste kapitaalvorming*	459	452	450
4. Netto verandering in voorrade	26	52	29
Totaal	485	504	479

* Insluitende oordragkoste wat in die geval van verkope van vaste eiendom aangegaan is.

† Ondanks die onlangse dalende neiging t.a.v. alle private konstruksie, toon die totaalcyfer 'n styging in 1956 vanweë die betreklike groot toename van £15 miljoen in die geval van Openbare Owerhede.

Totale beleggingsfondse beskikbaar.

Die netto veranderinge gedurende die afgelope twee jaar in die verskillende poste wat tesame die totale beleggingsfondse uitmaak, word in tabel 7 aangetoon.

Volgens die huidige skattings het private binnelandse besparing, d.w.s. persoonlike en maatskappybesparing, op ongeveer dieselfde peil gebly gedurende die twee jaar onder bespreking, maar terwyl persoon-

like besparing blykbaar ietwat afgeneem het, toon maatskappybesparing 'n ooreenstemmende toename. Laasgenoemde ontwikkeling is van groot belang omdat dit 'n weerspieëling is van toestande wat teenswoordig die aanbodkant van die kapitaalmark beïnvloed.

TABEL 7.

Die Finansiering van Binnelandse Kapitaalbesteding, 1955-56

	1955	1956
	£ m	£ m
1. Persoonlike besparing	183	161
2. Maatskappybesparing	74	99
3. Lopende surplus van owerheidsliggame	60	53
4. Waardeverminderingstoelaes	136	151
5. Totale bruto binnelandse besparing	453	464
6. Netto buitelandse lenings en realisering van buitelandse bates	51	15
7. Totale fondse beskikbaar	504	479

Dit is welbekend dat die afname in die invloed van private buitelandse kapitaal gedurende die afgelope jare 'n nadelige invloed op die aanbod van risikokapitaal gehad het, 'n gedeelte waarvan gewoonlik van hierdie bron verkry word. Dit het groter betekenis verleen aan die vloei van risikokapitaal uit sy vernaamste binnelandse bron, nl. besparing uit winste deur sake-ondernemings. 'n Gedeelte van hierdie aanbod word onder die hoof „persoonlike besparing” ingesluit, wat nie alleen na die besparing van individue verwys nie, maar ook na dié van nie-geïnkorporeerde sake-ondernemings, bv. boere, familiebesighede en vennootskappe. Ongelukkig maak die afwesigheid van die betrokke gegewens dit egter onmoontlik om hierdie bestanddeel van besparing deur sake-ondernemings afsonderlik te skat.

Meer inligting is egter beskikbaar in die geval van openbare maatskappye. Dit wil voorkom asof die afwaartse neiging in die buitelandse kapitaalinvloei gedurende die afgelope vier jare vergesel was van 'n teenwerkende neiging aan die kant van maatskappybesparing, wat volgens skatting van £66 miljoen in 1953 tot £104 miljoen in 1956 toegeneem het.¹⁰

Hierdie neiging tot 'n groter mate van finansiële onafhanklikheid van buitelandse bronne wek geen verbasing in die geval van die mynwyse nie, omdat die betrokke gegewens vanaf die heel vroegste tye toon dat hierdie bedryf hoofsaaklik op interne finansiering staatgemaak het gedurende tydperke wanneer rentekoerse hoog en toestande in buitelandse kapitaal-

9. Die basiese inligtingsbron is die jaarlikse *Sensus van Nywerheidsinrigtings*, maar omdat die jongste beskikbare syfers op die jaar 1951/52 betrekking het, is skattings vir die latere jare op steekproefgegewens in die geval van bestaande ondernemings gebaseer; voorsiening is ook vir die kapitaaluitgawe van nuwe ondernemings gemaak. Die steekproefgegewens toon 'n

merkbaar afwaartse neiging in die vaste kapitaalvorming van vervaardigingsnywerhede verlede jaar.

10. d.w.s. voordat die maatskappybesparingsyfers van vervaardigings- en handelsondernemings aangesuiwer is vir kapitaalwinste wat in verband staan met die waardering van voorrade teen oorspronklike koste in 'n tydperk van stigende pryse.

marke ongunstig was vir die verkryging van groot bedrae deur middel van nuwe uitgifte.¹¹

Op grond van 'n ontleding van die rekenings van myn- en verwante finansiële en beleggingsmaatskappye wat op die Johannesburgse Effektebeurs gekwoteer word, word geskat dat die onverdeelde inkomste van hierdie groep maatskappye van ongeveer £18 miljoen in 1953 tot £23 miljoen in 1954, £31 miljoen in 1955 en oor die £40 miljoen in 1956 toegeneem het. Hierdie toename is op sy beurt weer moontlik gemaak deur die aansienlike toename in die netto inkome wat in hierdie nywerheid ontstaan het, wat, in die geval van die goudmynbedryf, £118 miljoen, £136 miljoen en £160 miljoen gedurende die jare 1953/54, 1954/55 en 1955/56 bedra het, terwyl die ooreenstemmende syfers vir „ander” mynbou £60 miljoen, £65 miljoen en £71 miljoen was.

As gevolg van die feit dat die groot toename in die omvang van die diversifikasieproses in die Unie se ekonomie gedurende die afgelope drie dekades die aanwending van nog groter bedrae geldelike kapitaal in private vervaardigingsondernemings vereis het as wat vir mynbou-ontwikkeling nodig was, verdien die probleem om voldoende bronne van kapitaalvoorsiening vir hierdie nuwe beleggingsmoontlikhede te vind, ook noukeurige aandag.

In hierdie verband kan dit genoem word dat sedert die voor-oorlogse tydperk, baie nywerheids- en handelondernemings die korporatiewe ondernemingsvorm aangeneem het wat hulle sodoende toegang verleen het tot 'n breër kring van beleggers, vir sover dit die voorsiening van risikokapitaal betref. Gevolglik was hulle in staat om die oplewing in nuwe uitgifte wat op die Johannesburgse Effektebeurs na die oorlog geheers het, te benut. In die heersende beleggingsklimaat bied hierdie potensiele aanbodbron egter slegs 'n beperkte geleentheid om nuwe geldelike kapitaal te verkry en gevolglik wil dit voorkom asof die betrokke ondernemings in 'n toenemende mate van interne finansiering afhanklik word. So byvoorbeeld toon steekproefgegewens ten opsigte van 'n groot aantal ondernemings, wat betrokke is by vervaardiging, handel en dienste, dat die persentasie van die totale wins wat nie verdeel is nie van 27 persent in die finansiële jare 1952/53 en 1953/54 tot ongeveer 30 persent in 1954/55 en meer as 31 persent in 1955/56 toegeneem

het. Omdat die onlangse neiging in die netto inkome van sekondêre en tersiêre nywerhede egter nie so sterk opwaarts as dié van mynwyse was nie, is die koers van toename in die werklike bedrae van onverdeelde inkome ooreenkomstig laer.

Bo en behalwe die bedrag wat uit winste agterweë gehou word, is nog 'n verdere interne bron vir die finansiering van die kapitaaluitgawe van sake-ondernemings beskikbaar, nl. waardeverminderingstoelaes. In die geval van private sake-ondernemings word geskat dat dit gedurende verlede jaar ongeveer £125 miljoen bedra het.

Afgesien van die baie belangrike rol van maatskappybesparing onder huidige omstandighede, bestaan die probleem nog dat hierdie bron van risikokapitaal slegs aan gevestigde ondernemings beskikbaar is. Om gevolglik aan die kapitaalbehoefte van ander leners, d.w.s. nuwe ondernemings en openbare owerhede, te voldoen, moet metodes gevind word om die ander beskikbare bronne van binne-landse kapitaalvorming op die beste manier te benut.¹² Dit is welbekend dat een van die oogmerke van begrotingsbeleid gedurende afgelope jare die skepping van aansienlike oorskotte op lopende rekening was, maar dit beïnvloed op sy beurt weer die grootte van persoonlike besparing. Laasgenoemde verteenwoordig die sluitpos in die binne-landse besparingsrekening en 'n poging om owerheids- en maatskappybesparing te verhoog, gegewe die volksinkomepeil, sal derhalwe neig om die persoonlike besparing te verminder omdat individue aan die een kant meer belasting sal moet betaal en aan die anderkant minder in die vorm van dividende sal ontvang as wat anders die geval sou wees. Gevolglik hang die toename van persoonlike besparing uiteindelik af van die aanwesigheid van bykomende aansporings om meer te spaar uit lopende inkome. Sekere fiskale maatreëls is met hierdie doel voor oë ingestel, bv. die hersiening van die marginale belastingskaal in die geval van die hoër inkomegroep, en die verhoging van die vrystellingsgrens t.a.v. superbelasting. 'n Ander faktor van betekenis is die hoogte van die rentekoerspeil in afgelope jare wat ook die besparingsgeneidheid, veral van die klein spaarder, beïnvloed.

D. G. Franzsen.

11. Vergelyk in hierdie verband, S. H. Frankel: *Capital Investment in Africa*, hoofstuk 3, afdeling II, pp. 92-105.

12. Melding kan in hierdie verband gemaak word van die voorstel om 'n nuwe nywerheidsfinansieringskorporasie te stig om die vloei van risikokapitaal na die sekondêre nywerheid te bevorder.